21 Movies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Forrest Gump

## Handelinge 17:16-34

*Vreemd dat die meeste mense in krisistye na God vra. God het die mens inderdaad gemaak om na Hom te soek (v27).*
*"Waar is hierdie God van jou nou?" wil die verlamde oorlogsveteraan luitenant Dan by Forrest Gump weet wanneer hulle sonder sukses probeer garnale vang.*

*Ateners met hulle baie gode het ook na God gevra. Hulle het selfs 'n altaar opgerig ter ere van 'n onbekende god (v23). Soos verbitterde mense, wat in hulle twyfel nogtans na God vra, soek hulle tussen baie gode die Almagtige God.*
*Na luitenant Dan se siniese vraag begin die weer opsteek, wat ook die begin van hulle sukses was.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Later merk Forrest Gump op: "Vreemd dat luitenant Dan dit gesê het, want net toe .. daag God op!"*

*Moet nooit ophou om in oomblikke van seer en twyfel na God te vra nie. Op sy manier sal Hy ook vir my en jou opdaag. (Bybel 24/7)*